**SKRIFLESING:** Genesis 15:6; Hebreërs 11:8-20
**TEMA:** Geloof op ons lewensreis.

Wat is geloof?
Geen mens kan in een boodskap alles oor geloof sê nie. Kom ons gaan kyk wat ons uit die gelese gedeeltes by Abraham kan leer. Ons lees in Hebreërs 11 vier maal die opmerking: "Omdat Abraham geglo het…" Kom ons gaan kyk telkens wat daarop volg, met ander woorde, hoe sy geloof sigbaar geword het.

**1. Omdat Abraham geglo het, was hy gehoorsaam. Hy het volgens die wil van die Here gehandel.**

Hy, sy vrou en nog 'n groep mense het weggetrek van die plek wat hy sou erf, sonder om te weet waar hul sou uitkom.
En hulle het nie net om die hoek getrek nie. Hul trek vir 1 400 km. Hul kan nie gou 'n oproep huis toe maak nie en sal waarskynlik 'n deel van hul familie nooit weer sien nie. Hul is skaars in die beloofde land toe hongersnood uitbreek. Hulle trek verder na Egipte.
In geloofsgehoorsaamheid aan God het Abraham getrek. Blindelings en sonder teëpraat, het hy op God vertrou.

Hoe lyk my en jou geloofsgehoorsaamheid aan die Here?
In 1 Samuel 15:22 spreek Samuel koning Saul aan omdat hy nie 100% gehoorsaam aan God was nie: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme." God vra bo alles van ons gehoorsaamheid. En in 1 Johannes 5:3 lees ons wat gehoorsaamheid vandag beteken: "Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam." Gehoorsaamheid is om God lief te hê bo alles en ons naaste lief te hê soos onsself.

Waar ons vandag op vaders fokus omdat Vadersdag altyd oor 'n langnaweek val, staan ek net kortliks 2 maal by vaders stil.
Daar is 'n baie waar stelling wat sê dat die beste ding wat 'n pa vir sy kinders kan doen, is om hulle ma lief te hê. Is dit waar van jou as vader?

Ek luister ook verlede week na 'n gerespekteerde geestelike leier in ons stad wat deur 'n baie moeilike tyd is omdat hy geen verhouding met sy pa gehad het nie. Hy het onder andere die volgende opmerking gemaak: "As sy vader nie vir sy kinders sê "goed gedoen nie", sal 'n kind nooit in sy eie oë goed genoeg wees nie." As vaders mag ons nie net daarop fokus om ons kinders te vang as hulle iets verkeerd doen en dan daarop reageer nie. Ons moet ook ons kinders vang dat hulle iets reg doen en daarop reageer.

**2. Omdat Abraham geglo het, het hy uitgesien na die toekoms.**
Hy het in die beloofde land gaan woon, ‘n vreemdeling in ‘n vreemde land.

Maar hy kyk in geloof verder as die aardse beloofde land en sien ‘n beter ewige vaderland.

As vaders en moeders kan ons so terugverlang na die goeie ou dae of so verstrengel raak in die hier en nou, dat ons nooit meer ons koppe oplig nie.
Ons is altyd so besig om aardse goed vir onsself of ons kinders bymekaar te maak, dat ons nie vir hul wys hoe lyk die lewe van iemand wat oppad is na ‘n beter toekoms nie. Ons vertel hulle ook nie hiervan nie.

Geloof is om ons kop op te tel en God se toekoms vir ons te sien, daaroor te juig en te erken dat ons op aarde net vreemdelinge en bywoners is. Hierdie is ons tydelike adres.
Die volgende prestasie, eksamen, wedstryd of optrede van jou kind is belangrik, maar dit is nie die belangrikste ding om na uit te sien nie.
Ons verlang en leef oppad na ‘n beter vaderland. As ons so leef, geld vir ons die wonderlike waarheid wat ons in Hebreërs 11:16 lees: “Daarom is God nie skaam om ons God genoem te word nie; trouens, Hy het vir ons 'n stad gereed gemaak.”

**3. Omdat Abraham God geglo het, het God hom geseën.**
Hoewel hy al oud en Sara onvrugbaar was, het hulle krag ontvang om ‘n kind te verwek toe dit menslik onmoontlik was.

Langs die pad het hulle drooggemaak. Hulle het 16 jaar gewag vir God se belofte om waar toe word.  Toe maak hulle hul eie plan. Ismael word gebore toe Abraham 86 was.
Al is Abraham ontrou, God bly getrou.
Dertien jaar na die geboorte van Ismael, toe Abraham 99 jaar oud was, verskyn die Here weer aan Abraham en sluit ‘n verbond met Hom.

In Gen 17:17 lees ons dat Abraham gelag en gedink het: kan daar vir 'n man van honderd 'n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, 'n kind in die wêreld bring?
God maak die onmoontlike moontlik. Isak word gebore toe Abraham 100 jaar oud was.

Maar die verhaal is nog nie verby nie. God wou toets of Abraham se geloof gaan oor wat God vir hom kan doen of oor wat hy, uit dankbaarheid, vir God kan doen. Het hy God bo alles en met alles lief, dien en eer hy Hom onvoorwaardelik sonder om iets terug te verwag?

**4. Omdat Abraham geglo het, het hy onvoorwaardelik op God vertrou en is hy bereid om Isak te offer.**
Op hierdie stadium Het Abraham so bietjie beter verstaan wie God is en wie hyself is.

God het by die geboorte van Isak uit 2 ou mense, hom as't uit die dood verwek. Daarom lees ons van Abraham in Hebreërs 11:19: "Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het."

**5. Abraham se geloof is die beste geskenk wat hy vir sy seun, Isak, kon gee.**
Ek volstaan met een opmerking hieroor vir ouers, maar veral vir vaders: "Kinders sal moeilik in God 'n Vader vind as hulle nie in hulle vader iets van God vind nie."

Almal van ons is ook soos Abraham op reis. Ons weet waar ons reis begin het, maar ons weet nie hoe ons toekomsreis gaan verloop terwyl ons nog op aarde is nie. Wat het ons vanoggend oor geloof vir hierdie lewensreis geleer? Ek gee geleentheid vir stilgebed sodat jy jou geloof kan evalueer en daaroor met God kan praat.
Geloof:

- Gehoorsaam God
- Sien uit na die toekoms
- Ontvang God se seën (nie beloning nie)
- Vertrou God onvoorwaardelik – ook met jou kinders
- Is die beste geskenk wat jy vir jou kinders kan gee

Amen